[Nov. 1980?]

BOODSKAP, VIR SAUK UITSENDING, DEUR DIE VISE-KANSELIER OOR PLANNE EN VOORUITSIGTE VIR RHODES UNIVERSITEIT IN 1981

Die jaar 1980 was 'n goeie jaar vir Rhodes Universiteit, akademies sowel as geldelik.

Op akademiese gebied het die Universiteit die M.Sc. - graad in Meerkunde van stapel gestuur, en ook die bestaande kursusse in Afrika-Geskiedenis en in Engels-in-Afrika uitgebrei. Die vernaamste ontwikkeling, egter, was die instelling van twee nuwe Leerstoele - een in Elektronika en die ander in Tweedetaal-Engels, deur bewilligings van, onderskeidelik, "Federale Electronics" en die Gebroeders-Molteno-Trust.

Die wysiging van ~~Gedurende die jaar is~~ die Rhodes Universiteitswet ~~gewysig om~~ bemagtig ~~die~~ ons Universiteit ~~te magtig~~ om ~~sy~~ akademiese aktiwiteite na Oos-Londen uit te brei.

Geldelik, is Rhodes nou op 'n gesonde~~r~~ ekonomiese grondslag ~~as in die afgelope vyf jaar. Dit is~~, grotendeels te danke aan versigtige geldelike beheer.

In 1931 bied die Universiteit ~~vir die eerste keer~~ nou 'n graadkursus in Minerale Ekonomie aan. 'n Departement van Viskunde en Vissery-Wetenskap, wat B.Sc. (Honeurs) en M.Sc.-grade in albei ~~van hierdie~~ studierigtings sal aanbied, kom ook ~~in die nuwe jaar~~ tot stand.

* (PRONOUNCE AS LONG 'A' - NAA-SPEURDE)



DIE BACCALAUREUS-GRAAD IN JOERNALISTIEK IS VERBREED OM SPESIALE KURSUSSE IN ADVERTENSIE, REKLAME, FOTO-JOERNALISTIEK, RADIO-TYDSKRIF SKRYFKUNS EN * NASPEURENDE JOERNALISTIEK IN TE SLUIT.

ONS AANVANKLIKE PROGRAM VIR ONS NUWE AFDELING IN OOS-LONDEN SAL BESTAAN UIT KURSUSSE VIR DEELTYDSE STUDENTE WAT 'N B.COM.-GRAAD WIL LOOP MET DIE HOOF-KLEM OP REKENINGKUNDE OF BEDRYFSADMINISTRASIE.

OP LANDBOU-GEBIED, GEE DIE UNIVERSITEIT AKTIEWE OORWEGING AAN 'N SPESIALE B.COM.-GRAAD IN LANDBOU-BESTUUR.

TERWYL ELKE POGING AANGEWEND SAL WORD OM DIE BATIGE GELDELIKE BALANS VAN DIE UNIVERSITEIT TE HANDHAAF, IS DIT NIE MAKLIK OM TE VOORSPEL WAT 1981 SAL INHOU NIE. ENIGE TOENAME IN PERSONEEL OF VERBETERING VAN DIENSVOORWAARDES WORD TEN DELE GEDELG UIT DIE UNIVERSITEIT SE EIE HULPBRONNE, MET ENIGE VERHOGING VAN STUDIEGELDE, WORD DIE WAARDE VAN DIE BEURSE WAT RHODES AANBIED DESGELYKS VERHOOG.

ONS GAAN OOK DIE BEGIN VAN 'N GROOT BOU-PROGRAM TEGEMOET IN 1981. DIE R1,9-MILJOEN PROJEK BEHELS DIE VOLTOOIING VAN 'N TWEEDE BINNEPLEIN TUSSEN DIE HOOFGEBOU EN DIE BIBLIOTEEK, EN SAL DIE DEPARTEMENTE ENGELS, GEOLOGIE, GOEGRAFIE, ASOOK DIE DRUKPERS HUISVES. DIE UITBREIDING SAL AANPAS BY DIE ARGITEKTONIESE STYL VAN BAKER EN KENDALL, DIE FIRMA WAT VERANTWOORDELIK WAS VIR DIE OORSPRONKLIKE PLAN VIR DIE HOOFGEBOU, EN WIE SE WERK 'N GLANSPUNT IS IN DIE UNIVERSITEIT SE ANNTREKLIKE KAMPUS.

~~DIE UNIVERSITEIT~~ ONS BETRAG DIE NUWE JAAR MET AANSIENLIKE OPTIMISME, EN MET REDELIKE VOORUITSIGTE OM 'N TOTAAL VAN 3 000 STUDENTE IN TE SKRYF. ~~ALHOWEL~~ TEN SPYTE VAN DIE GESTREMDE GELDELIKE KLIMAAT VIR UNIVERSITEITE ~~WAARSKYNLIK SAL VOORTDUUR~~, VERWAG RHODES MET VERTROUE OM VOORT TE GAAN MET DIE VERSKAFFING VAN 'N HOË PEIL VAN OPVOEDING EN INDIVIDUELE AANDAG AAN SY STUDENTE.

D S HENDERSON